

21 Desember - WONDERWERK

Skrifgedeelte: Markus 5:21-43

Fokusgedeelte: Markus 5:36

Die pad van die geloof vereis deursettingsvermoë en volharding. Moeilike sake soos siekte, dood en spanning, wag soms op elkeen van ons.

Vandag ontmoet ons vir Jäirus, owerste van die Joodse sinagoge, wie se 12-jarige dogtertjie sterwend is. 'n Godsdienstige man wat by die tempel gewerk het en die God van Israel geken het. Die wonderwerke van Jesus het ook sy ore bereik. Daarom vlug hy met sy nood na Jesus toe.

Geloof bring hoop. Sy geloof word groter, want Jesus gaan saam met hom. Jäirus sou egter in dié dag van benoudheid ook nog beproewing as deel van sy stryd ervaar.

Jäirus se vreugde word gedemp. Die skare rondom Jesus maak dat hulle stadig beweeg. Die wonderwerk wat hy nodig het, gaan te laat wees. Hy kry dan ook die tyding dat sy dogtertjie dood is. Sy lewe stort inmekaar. Dan word hy ook nog verwyt met die vraag: *“Waarom val jy nog ons Meester lastig?”*

Die ergste toets vir Jäirus kom nog. Jesus gaan staan eers stil by 'n onbekende vrou wat onrein was weens haar siekte. Sy wou ook die geneesende krag van Jesus ontvang.

Terwyl Jesus die vrou genees met die woorde: “Jou geloof het jou gered”, val Jäirus se lewe uitmekaar. Die genesing van die vrou is 'n wonderwerk wat voor Jäirus afspeel. Dit moes sy geloof versterk. Hy sien dit nie raak nie, want hy het perspektief verloor.

Jäirus is opgeroep om te glo in die opstanding van sy kind – wat Jesus later kragtig uit die dood gered het.

Ons word opgeroep om te glo in die opstanding van Jesus Christus. Só 'n geloof verseker ons ook van ons eie opstanding.

Worstel jy in 'n stryd? Moenie ontsteld raak nie – glo net! Waar Jesus is, is daar hoop!

Sing: Psalm 40:8 (1936-beryming)

Ds CB Swanepoel (Lytelton)